Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

1. Ta sin mim.

2. Hierdie is die verse van die geopenbaarde Boek.

3. Dit lyk asof jy jouself gaan laat ineenstort van smart omdat hulle nie glo wat jy sê nie.

4. Indien Ons wou kon Ons 'n boodskap en bewyse openbaar wat sou veroorsaak dat hulle nekke vir altyd in onderdanigheid geboë sou bly.

5. Maar daar word geen openbaring aan hulle gegee vanaf die Alomgenadige nie, of hulle is daarteen gekant.

6. Daarom het hulle die Waarheid verwerp: so binnekort sal aan hulle die gevolge geopenbaar word van dit waarmee hulle die spot gedryf het.

7. Het hulle dan nie na die aarde gekyk en gesien hoeveel pare spesies Ons op die aarde laat lewe het nie.

8. Daar is waarlik 'n boodskap en bewyse in, maar meeste van hulle sal in elk geval nie glo nie.

9. En waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Magtige, die Genadige.

Moses, Aaron en Farao

10. En onthou toe jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer vir Moses geroep het met die opdrag: "Gaan na daardie oortredende mense toe,

11. die mense van Farao. Het hulle geen ontsag en respek vir Allah nie?"

12. Toe het Moses gesê: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer ek is bang dat hulle my sal belieg en belaster.

13. My hart krimp inmekaar van vrees en my tong wil nie vlot praat nie: so stuur eerder vir Aaron.

14. Hulle het reeds 'n klag teen my gelê van 'n vorige oortreding en ek is bevrees dat hulle my sal doodmaak as ek daar kom."

15. Allah antwoord toe: "Nee! So, gaan nou, beide van julle, met Ons boodskap en bewyse. Ons is met julle, en Ons luister wat gebeur."

16. So, wanneer julle twee by Farao aankom sê dan vir hom: "Ons twee is boodskappers van die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde,

17. wat met 'n boodskap gestuur is dat jy die kinders van Israel saam met ons moet laat gaan."

18. Toe sê Farao: "Moses, is dit nie vir jou wat ons as kind in die huis laat opgroei en versorg het nie? En jy het vir jare by ons gebly,

19. en dan gaan jy, sonder inagneming vir alles wat ons vir jou gedoen het, en jy pleeg 'n moord en tree op hierdie ondankbare manier op."

20. Moses se verskoning was: "Ek het dit gedoen gedurende 'n tyd van my lewe toe ek nie van beter geweet het nie."

21. Toe het ek van jou gevlug omdat ek bang was vir jou. Daarna het my Skepper, Voorsiener en Onderhouer aan my wysheid gegee en my een van die boodskappers gemaak.

22. En dit is die guns waarmee jy my nou hier verwyt: dat jy die kinders van Israel as slawe aanhou?

Farao het homself as god voorgehou

23. Farao vra toe: "En wat is hierdie Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde waarvan jy praat?" (K28:28)

24. Daarop antwoord Moses: "Dit is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemele en die aarde en wat daaroor ookal tussenin is, dis nou as jy 'n duidelike insig het en 'n gelowige hart."

25. Farao draai toe ewe smalend na die mense toe en sê: "Hoor julle nie wat hy sê nie en vind julle dit waarop Moses aanspraak maak nie ook fassinerend nie: dat julle sowaar 'n ander god het as ek?"

26. Moses reageer toe met: "Ja, ek praat van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer en die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van jou vroeëre voorvaders."

27. Daarop sê Farao: "Hierdie boodskapper van julle wat na julle toe gestuur is, is sowaar 'n mal mens want sy aanspraak dat daar 'n ander god is maak nie sin nie."

28. Maar Moses sê: "Hy is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die Ooste waar die son opkom en die Weste waar die son ondergaan en van wat ookal daar tussenin is: probeer verstaan dat jy dit nie kan verander nie en dus nie god kan wees nie."

29. Net hier vererg Farao hom en hy dreig vir Moses: "As jy 'n ander god bo my verkies, laat sluit ek jou summier toe saam met my ander gevangenes."

30. Moses vra toe vir Farao: "Sal jy dit doen selfs al bring ek nou 'n bewys vir die aansprake wat ek maak:

31. Farao sê: "Nou toe, bring jou bewyse as jy die waarheid praat."

32. So, toe gooi Moses sy stapstok op die grond neer, en onmiddelik verander dit in 'n slang, duidelik sigbaar,

33. en hy trek sy hand uit sy mou en net daar was dit helder wit ten aanskoue van die toeskouers.

34. Farao sê toe vir sy hoofde wat rondom hom was: "Hierdie man is definitief 'n meester towenaar.

35. Hy wil julle uit julle land verdryf met sy towery. So wat stel julle voor?"

36. Sy hoofde sê toe: "Verdaag die vergadering met Moses en sy broer vir 'n rukkie, dan stuur u manne na die ander stede toe om

37. vir al die beste towenaars na u toe te bring."

38. So is al die goeie towenaars toe op die bepaalde tyd byeengebring,

39. en die mense is ook byeengeroep met die woorde: "Kom almal hiernatoe,

40. sodat ons kan sien of ons towenaars die kompetisie gaan wen."

41. Toe die towenaars gekom het, sê hulle vir Farao: "Sal daar regtig vir ons 'n beloning wees, as ons sou wen?"

42. Daarop antwoord Farao: "Ja, en afgesien daarvan sal julle ook gereken word onder die wat naby aan my is."

43. Moses sê toe: "Gooi julle eerste dit wat julle beplan."

44. So gooi die towenaars toe hulle toue en hulle stapstokke op die grond en sê: "Ons sweer by die majesteit van Farao dat vandag gaan ons wen."

45. Toe gooi Moses ook sy stapstok op die grond en voordat die toeskouers mooi weet wat aangaan, begin Moses se slang om die vals slange van die towenaars in te sluk.

46. Die gevolg was dat die towenaars deur die waarheid wat hulle gesien het, gedwing was, om laag op die grond in aanbidding neer te val.

47. Hulle het ook gesê: "Ons glo in die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde,

48. die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van Moses en Aaron."

49. Daarop sê Farao: "En julle glo in hom voordat julle vir my toestemming gevra het daarvoor. Dit lyk vir my eerder asof Moses julle leier is wat julle jul towery geleer het. So, julle sal binnekort agterkom wat julle lot gaan wees. Ek gaan julle hande en voete aan teenoorgestelde kante afkap en julle almal saam kruisig.*" (*K38:12)

50. Die towenaars reageer toe : "Dis ook maar reg want dit kan ons nie enige skade aandoen nie, omdat ons na ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe terugkeer.

51. Ons is vol vertroue dat ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer ons, dit wat ons verkeerd gedoen het sal vergewe, omdat ons die eerstes van die Egiptenare is om te glo.

En net hier word die towenaars die eerstes van die Egiptenare om hulle geloof in die Enige God te bely en daarvoor te sterf

52. Toe het Ons aan Moses 'n openbaring gegee en gesê: "Laat My diensknegte in die nag uit Egipte uit, trek. En julle gaan agternagesit word."

53. So het Farao toe sy manne in die stede ingestuur om die mense te waarsku

54. dat: "Die kinders van Israel is maar net 'n klein groepie mense

55. wat elke keer as ons iets van hulle hoor, ons sommer kwaad maak,

56. maar ons is soos altyd goed voorberei indien hulle teen ons sou draai."

57. So het Ons toe die Egiptenare uitgedryf van hulle tuine en fonteine af

58. en van hulle skatte en wonderlike tuiste af.

59. So was dit. En Ons het gemaak dat die kinders van Israel dit alles erf.

60. So het die mense van Farao dan met sonop agter die kinders van Israel aan, gejaag.

61. En toe die twee leiers mekaar sien toe sê die wat saam met Moses was: "Hulle het ons definitief ingehaal."

62. Maar Moses sê: "So nooit as te nimmer! My Skepper, Voorsiener en Onderhouer is verseker met my. Hy sal my lei oor wat om te doen."

63. Ons gee toe aan Moses 'n openbaring met die woorde: "Slaan die see voor jou met jou stapstok." En toe Moses dit doen is die see in twee geskeur met elke deel wat soos 'n berg word.

64. Toe het Ons Farao en sy mense tot naby die see laat jaag.

65. En Ons het Moses en almal saam met hom gered.

66. Maar die Farao en sy mense het Ons verdrink.

67. Waarlik in die verhaal is daar 'n boodskap en bewyse, maar meeste van die ongelowiges sal in elk geval nie glo nie.

68. Jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Magtige, die Genadige.

Die verhaal van Abraham

69. En vertel vir hulle die verhaal van Abraham,

70. toe hy vir sy Pa en sy mense gesê het: "Wat aanbid en dien julle?"

71. Hulle antwoord was: "Ons aanbid afgode en bly toegewyd aan hulle."

72. Abraham vra toe vir hulle: "Hierdie afgode van julle, luister hulle na jou wanneer jy vir hulle vra vir hulp

73. en bevoordeel of benadeel hulle julle op enige manier?"

74. Hulle antwoord toe: "Nee nie eintlik nie, maar ons het gesien dat ons voorouers die afgode aanbid en dien, nou doen ons maar dieselfde."

75. Abraham vra toe: "Maar het julle dan nooit gewonder en nagedink oor dit wat julle dien en aanbid nie,

76. julle en julle voorvaders van ouds?"

77. Al die gode is vyande van my behalwe vir die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde

78. Wat my geskape het, en my lei,

79. en Wat my kos gee en iets om te drink,

80. en wanneer ek siek word, dan maak Hy my gesond,

81. en Wat, nadat Hy my laat sterf het, weer aan my lewe sal gee,

82. en Wie, so hoop ek, op die Dag van Vergelding my foute sal vergewe.

83. O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, skenk aan my wysheid en maak my een van die wat net goeie dinge doen hier en in die Hiernamaals,

84. en gee dat toekomstige geslagte my eervol sal onthou.

85. En maak my een van die wat die Tuine van Saligheid sal ontvang,

86. en vergewe my Pa*. Hy is inderdaad onder diegene wat afgedwaal het van die regte weg en nie meer binne U wil lewe nie. (*K71:28 & K9:114 & K60:4)

87. Maar beskerm my teen skande en skaamte tydens die Dag wanneer almal weer lewendig gemaak sal word, en my Pa as ongelowige opgewek sal word,

88. op die Dag wanneer nie rykdom of seuns van enige nut vir enigiemand sal wees nie,

89. behalwe vir die een wat na Allah toe sal kom met 'n hart wat skoon is van enige onreinheid en godslastering,

90. en die Paradys naby gebring sal word aan diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het

91. en die Hel ten volle oopgemaak sal wees vir die wat afgedwaal het van die regte weg af,

92. en daar aan hulle gesê sal word: 'Waar is dit wat julle gedien en aanbid het

93. naas Allah? Kan hulle julle help of hulleself help?'

94. Dan sal die vals gode op hulle gesigte in die vuur gegooi word, hulle en die mense wat hulle foutiewelik aanbid het,

95. saam met die hele leërmag van Iblis, die Satan, hulle almal saam.

96. En wanneer die klomp met mekaar stry en baklei dan sal hulle sê:

97. 'Sowaar as Allah, ons het 'n openlike fout begaan

98. toe ons julle aan die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde gelykgestel en geassosieer het,

99. en ons deur niemand anders as die sondaars mislei is nie.'

100. Nou het ons niemand wat vir ons as versoener kan intree nie,

101. en ook nie enige ware vriend nie.

102. As ons maar net kon teruggaan en so die kans kon kry om gelowiges te word.

103. In die verhaal is daar waarlik 'n boodskap en bewyse,

104. maar meeste van hulle sal in elk geval nie glo nie. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Magtige, die Genadige.

Die mense van Noag

105. En die mense van Noag het die boodskappers belieg en belaster,

106. toe hulle broer Noag aan hulle gesê het: "Het julle geen ontsag en respek vir Allah nie?

107. Ek kom in alle eerlikheid as boodskapper na julle toe.

108. So, hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en luister as ek met julle praat.

109. En ek vra nie vir julle enige beloning vir die boodskap wat ek bring nie. My beloning is by niemand anders as by die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde nie,

110. so hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en luister as ek met julle praat."

111. Hulle sê toe vir Noag: "Wil jy hê dat ons in jou moet glo terwyl jou volgelinge die minderwaardige arm mense in die samelewing is: jy verwag tog seker nie van ons om met hulle te meng nie?"

112. Noag antwoord toe: "Ek sal mos nie weet wat die sosiale status is van die mense wat glo wat ek sê nie,

113. julle moet verstaan dat hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet wat hulle sosiale status is.

114. En ek kan nie enige gelowiges wegwys nie:

115. ek is niks meer as net 'n boodskapper met 'n waarskuwing nie."

116. Maar hulle sê: "As jy nie hiermee gaan ophou nie Noag gaan ons jou met klippe doodgooi."

117. Toe bid Noag: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer, my mense het my belieg en belaster.

118. Oordeel U nou self tussen my en hulle met 'n openlike beslissing, en red my en al die gelowiges wat by my is."

119. So het Ons toe vir Noag en diegene saam met hom gered in die Ark wat volgelaai was.

120. En toe het ons almal wat nie in die Ark was nie, verdrink.

121. Waarlik in die verhaal van Noag is daar 'n boodskap en bewyse, maar meeste van hulle sal in elk geval nie glo nie.

122. En, waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Magtige, die Genadige.

Die mense van 'Ad

123. Die mense van 'Ad het die boodskappers belieg en belaster

124. toe hulle broer Hud aan hulle gesê het: "Het julle dan geen ontsag en respek vir Allah nie?

125. Ek bring in alle eerlikheid vir julle 'n boodskap,

126. so hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en luister na my.

127. En ek verwag nie van julle enige vergoeding vir die boodskap wat ek bring nie. My beloning is by niemand anders as die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde nie.

128. Bou julle op elke hoogte doellose, nuttelose monumente,

129. en dan beskou julle hierdie argitektoniese vestings as bewys dat julle vir ewig gaan lewe,

130. en dan bestuur julle ander mense met 'n ysterhand soos tiranne?

131. So, hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en luister as ek met julle praat.

132. En hê 'n heilige ontsag en respek vir die Een wat julle ondersteun het met dit wat julle het.

133. Hy het julle ondersteun met beeste en seuns,

134. en met tuine en fonteine.

135. Inderwaarheid vrees ek namens julle die straf van 'n groot dag."

136. Die mense van 'Ad sê toe: "Vir ons is dit maar een en dieselfde: of jy nou vir ons raad gee en of jy een van die is wat nie vir ons raad gee nie, maak aan ons geen verskil nie, want ons gaan nie ons lewenswyse vir jou verander nie. (K2:6)

137. Jou sogenaamde boodskap is niks anders as net vertellings van hoe die mense van die antieke tye gelewe het nie,

138. en ons gaan ook g'n gestraf word nie."

139. So het hulle, hul boodskapper belieg en belaster, met die gevolg dat Ons hulle vernietig het. In hierdie verhaal is daar sekerlik 'n boodskap en bewyse, maar meeste van hulle sal in elk geval nie glo nie.

140. En jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is sekerlik die Magtige, die Genadige.

Die mense van Thamoed

141. Die mense van Thamoed het hulle boodskappers belieg en belaster

142. toe hulle broer Salie vir hulle gesê het: "Het julle geen ontsag en respek vir Allah nie?

143. Ek is 'n boodskapper wat in alle eerlikheid vir julle 'n boodskap bring.

144. So, hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en luister as ek met julle praat.

145. En ek vra julle vir geen vergoeding vir die boodskap wat ek bring nie. My beloning is by niemand anders as by die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde nie.

146. Gaan julle veilig voortbestaan in wat julle hier het,

147. en tuine en fonteine,

148. en op plase met dadelpalms, waarvan die vrugte in digte, ineengevlegde, ryp trosse hang.

149. En julle kap vir julleself met trots kunstige huise uit in die heuwels.

150. So, hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en luister as ek met julle praat,

151. en moenie na die opdragte van die oortreders luister nie,

152. julle leiers en hoofde wat kwaaddoen deur julle tot ongeloof aan te spoor en en wat nie dinge regstel deur gehoorsaam te wees aan die boodskap wat ek bring nie."

153. Die mense van Thamoed sê toe: "Jy is maar net iemand wat getoor is.

154. Jy is niks anders nie as net maar 'n mens soos ons. So as jy die waarheid praat bring dan vir ons 'n bewys van wie jy is."

155. Daarop sê Salie: "Hierdie is 'n vroulike kameel wat die reg het op water: laat haar nou toe om deel van die water te drink en dan drink julle, julle deel van die water op 'n dag.

156. En moenie aan haar raak met die doel om haar enige leed aan te doen nie, tensy julle deur 'n pynlike straf getref wil word."

157. Maar toe maak hulle haar dood, maar ten spyte van die feit dat hulle daarna berou gehad het oor wat hulle gedoen het, is hulle oorval deur 'n pynlike straf.

158. In hierdie verhaal is daar waarlik 'n boodskap en bewyse, maar meeste van hulle sal steeds nie glo nie.

159. En waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Magtige, die Genadige.

Die mense van Lot

160. Die mense van Lot het die boodskappers belieg en belaster

161. toe hulle broer Lot vir hulle gesê het: "Het julle dan geen ontsag en respek vir Allah nie?"

162. Ek is 'n boodskapper wat in alle eerlikheid vir julle die boodskap bring.

163. So, julle moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê en luister as ek met julle praat.

164. En ek eis nie geen vergoeding van julle vir die boodskap wat ek bring nie. My vergoeding is by niemand anders as by die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde nie.

Onnatuurlike seksuele omgang is verbode

165. Is dit so dat julle verkies om, van al die geskape wesens in die hele heelal, seksuele omgang te hê met ander mans,

166. en dat julle nie seks het met julle vroue wat juis deur julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer vir die doel geskape is nie? Dit is 'n feit dat julle 'n volk is wat die perke oorskry.

167. Toe antwoord die mense van Lot: "Lot, as jy nie met hierdie praatjies en boodskap van jou gaan stop nie, gaan ons jou hier wegjaag."

168. Lot sê toe vir hulle: "Ek verafsku dit wat julle doen" en hy bid:

169. "O my Skepper, Voorsiener en Onderhouer red my en my familie van dit wat hulle doen."

170. So, toe red Ons hom en sy familie, almal van hulle

171. behalwe vir 'n ou vrou, wat agtergebly het saam met die res.

172. Toe het Ons die ander vernietig,

173. en hulle aan 'n verskriklike reën onderwerp. Die "reën" wat op die mense wat gewaarsku was, geval het, was baie sleg.

174. Waarlik in hierdie verhaal is daar 'n boodskap en bewyse, maar meeste van hulle sal in elk geval nie glo nie.

175. En waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Magtige, die Genadige.

Die mense van Midian wat bome in die Woud aanbid het

176. Die mense van Midian wat sekere bome in die Woud aanbid het, het die boodskappers belieg en belaster,

177. toe Jetro aan hulle gesê het: "Het julle dan geen ontsag en respek vir Allah nie?

178. Ek is 'n boodskapper wat in alle eerlikheid 'n boodskap aan julle bring.

179. So, hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah en luister as ek met julle praat.

180. En ek eis nie van julle enige beloning vir die boodskap nie: my beloning is by niemand anders as die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde nie.

181. Gee die volle maat wanneer iemand iets by julle koop, en moenie een van die wees wat ander mense skade aandoen deur hulle te verneuk nie.

182. En wanneer julle iets vir 'n koper afweeg, doen dit korrek.

183. Moenie mense tekortdoen nie, en moenie wanorde in die land veroorsaak as kwaaddoeners nie.

184. Hê 'n heilige ontsag en respek vir die Een wat julle en julle voorgeslagte geskape het."

185. Toe sê die mense van Midian vir Jetro: "Jy is niemand anders nie as een van die getoorde mense.

186. En jy is ook niks anders nie as 'n mens soos ons, en om die waarheid te sê: ons beskou jou as een van die leuenaars.

187. So, as jy die waarheid praat, laat daar dan 'n stuk van die hemel op ons val."

188. Daarop sê Jetro: "My Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste wat julle doen."

189. Toe het hulle vir Jetro belieg en belaster, met die gevolg dat hulle vasgevat is tydens die foltering en pyniging van die Dag van die Wolkskaduwee: die dag toe hulle weens geweldige hitte onder die skaduwee van 'n wolk wat oor 'n woud gehang het, ingevlug het en die weerlig die woud aan die brand geslaan het soveel so dat hulle almal verbrand het.

190. Waarlik in hierdie verhaal is daar 'n boodskap en bewyse, maar meeste van hulle sal in elk geval nie glo nie.

191. En waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Magtige, die Genadige.

Soos met vroeëre geskrifte is die Koran geopenbaar in die taal van die mense van die tyd

192. Die Koran is die openbaring van die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.

193. Dit is oorgedra aan jou deur die Betroubare Gees,

194. en jou op die hart gelê sodat jy een van die boodskappers met 'n waarskuwing kon word,

195. in duidelik verstaanbare Arabies.

Gedeeltes van die Koran was ook in vroeëre geskrifte en die vroeëre tale van hulle hoorders en lesers geopenbaar

196. En dit is so dat gedeeltes van die Koran ook voorkom in die voorheen geopenbaarde geskrifte wat aan die vorige volke geopenbaar was.

197. Is daar dan nie vir hulle 'n bewys in die feit dat die kundiges van die kinders van Israel die profeet erken nie?

198. En selfs al sou Ons dit aan iemand anders as 'n Arabier geopenbaar het,

199. en daardie persoon dit aan hulle voorgedra het, sou hulle steeds nie geglo het nie.

200. So het Ons gemaak dat ontkenning, ongeloof en verwerping in die harte van die sondaars inkom.

201. Hulle sal nie in die boodskap van die Koran glo nie, totdat hulle gekonfronteer word met die pynlike straf,

202. en dit skielik voor hulle te staan kom terwyl hulle dit geheel en al nie verwag nie,

203. en hulle sal vra vir uitstel sodat hulle gehoor* kan gee en sal sê: "Is daar enige moontlikheid dat ons uitstel kan kry?" (*K40:84-85)

204. Vra hulle dan ook dat Ons straf gou moet kom?

205. So, sê vir My, as Ons vir jare aan hulle die genietinge van die lewe gee,

206. en dit waarteen hulle gewaarsku is dan oor hulle kom,

207. watter hulp kan dan aan hulle verleen word deur dit wat hulle gegee was om te geniet?

208. En Ons het geen dorp vernietig alvorens hulle boodskappers gehad het om hulle te waarsku,

209. en aan hulle raad te gee, nie: Ons was nooit onregverdig gewees nie.

Die redes hoekom die Koran nie deur die duiwels geopenbaar is nie

210. Die Koran is nie deur die duiwels geopenbaar nie.

211. Eerstens pas dit nie by hulle nie, en tweedens is hulle nie daartoe instaat nie.

212. En derdens, feit van die saak is dat hulle vêr weg gehou word van die aanhoor ten tyde van die openbaring daarvan.

213. So, moenie enige ander god saam met Allah aanroep nie, of julle sal van diegene wees wat gestraf moet word.

Verkondiging van die Boodskap begin altyd tuis

214. Mohammed, waarsku jou naaste familielede, (K66:6)

215. en wees goed vir- en nederig teenoor die gelowiges wat na jou geluister het en jou gevolg het: behandel hulle sag en met deernis.

216. En wanneer hulle nie doen wat jy sê nie, sê dan vir hulle: "Ek distansieer my van dit wat julle doen,"

217. en plaas dan jou vertroue in die Magtige, die Genadige,

218. Wat na jou omsien wanneer jy staan en Bid,

219. of jy nou alleen is, of saam met die ander aanbidders.

220. Want waarlik Hy is die Alhorende, die Alwetende.

221. Moet ek vir jou vertel op wie die duiwels neerdaal?

Die duiwels en die digters loop hand aan hand

222. Hulle daal neer op elke sondige leuenaar.

223. Die duiwels probeer skelmpies luister na dit wat in die Ongesiene gepraat word, en vertel dan dit wat hulle dink hulle gehoor het oor asof dit die volle waarheid is, maar meeste van hulle praat nie die waarheid nie.

224. En wat betref die digters: hulle word nagevolg deur die mense wat van die regte weg afgedwaal het.

225. Het jy nie opgelet hoedat hulle oral rondgaan en links en regs met mense praat

226. oor hulle versinsels en oor dinge waarvan hulle niks weet nie, en redeneer oor voorskrifte wat hulle self nie uitvoer nie,

227. behalwe vir diegene wat glo en die goeie doen en Allah altyd onthou in alles wat hulle doen, en Hom loof en prys en hulle standpunte verdedig wanneer hulle verontreg is. En diegene wat verkeerd doen sal binnekort weet na watter plek toe hulle gaan terugkeer.

O my Allah,

lei my ook dat ek my nie met

menslike verdigsels sal ophou nie,

maar dat ek U altyd eerste sal stel

en U boodskap so getrou as menslik moontlik sal

beleef en sal oordra. Amen